

30 Mei

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1
Fokusgedeelte: DL, VD 1:3

God stel geen voorwaardes vir uitverkiesing nie!

God het voorwaardes gestel vir die uitverkiesing. So beweer die dwaalleraars. Van al die moontlike voorwaardes wat Hy kon stel het Hy geloof gekies, asof daar mense is wat vanself kan glo. God moet dus eers kyk wie glo en dan kies Hy die wat glo. So word geloof die mens se aandeel aan sy eie verkiesing. As iemand glo sal God so iemand kies.

Geloof is egter nie iets wat vanself in ons ontstaan nie. Nee, geloof is 'n gawe van God en Hy gee dit net aan die uitverkorenes. Daarom word die dwaalleer verwerp wat sê dat God geloof as 'n voorwaarde vir uitverkiesing gestel het. So iets sou God se welbehae en Christus se verdienste kragteloos gemaak het, sê ons belydenis. As geloof immers 'n voorwaarde vir verkiesing was en as 'n mens vanself kon glo, dan sou Jesus se offer aan die kruis onnodig gewees het. Dan sou ons volgens verdienste gered word en sou ons nie 'n Verlosser nodig gehad het nie.

Die Woord is egter baie duidelik (2 Tim 1:9): God "het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen nie op grond van ons daade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het." Daar bestaan dus geen twyfel dat ons geloof nie die voorwaarde vir ons uitverkiesing kan wees nie. As dit die geval was sou dit beteken het dat ons ons sou kon regverdig dat ons uit ons eie glo. Nee, die goeie nuus aan die mens wat nie vanself tot geloof kan kom nie is dat God ons voor die skepping al uitgekies het om sy kinders te wees. Daarom het Hy ook sy Woord aan ons laat verkondig en het Hy sy Gees in ons laat werk sodat ons kan glo. Ons redding geskied dus net uit genade!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~